



Afrikaans 1 (Huistaal) – Graad 8

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood (sien voorbeeld 1 hieronder). Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (sien voorbeeld 2 hieronder).

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	c	d
----	---	---	--------------	---

Voorbeeld 2:-

4.	a	b	c	d
----	---	--------------	--------------	---

Bestudeer die teks en beantwoord vrae 1 – 28.

- Gee die meervoud van 'see'.
(a) see's (b) seeë
(c) sees (d) seë
- Die vroulike vorm van 'olifantbul' is
(a) olifantsog. (b) olifantteef.
(c) olifantkoei. (d) olifantwyfie.
- Uit watter woord(e) is 'strandmeer' saamgestel?
(a) standelike + meer (b) strand + meer
(c) stand + mere (d) strandmeer
- Gee die sinoniem van 'vermoedelik'.
(a) nooit (b) verseker (c) waarskynlik (d) beslis
- Wat is die antoniem van 'vlakker'?
(a) hoër (b) verder (c) dieper (d) diepste
- Verander 'verwoes', sodat dit sin sal maak in dié sin: 'Die veldbrande het die woongebied vernietig.'
(a) verwoesing (b) verwoesting
(c) verwoeste (d) verwoestende
- Verdeel die woord 'familiebesigheid' in lettergrepe.
(a) fa-mi-lie-besig-heid (b) fam-ilie-be-sig-heid
(c) fa-mi-lie-be-sig-heid (d) fa-milie-be-sig-heid
- Waar word 'slurp' as 'n werkwoord gebruik?
(a) Hy slurp die water omdat hy dors is.
(b) Hy hou sy slurp bo die water.
(c) Die olifant het 'n lang slurp.
(d) Watter dier het 'n slurp?
- Gebruik die woord 'brand' as 'n aanwettige byvoeglike naamwoord.
(a) Die area was swart afgebrand.
(b) Die woude het gebrand.
(c) Die diere sou verbrand.
(d) Die brandende bos het al groter geword.
- Die vloot is die weermag
(a) in die lug. (b) ter see.
(c) op die grond. (d) onder die grond.
- Verduidelik die gebruik van die kappie in 'brûe'.
(a) Dit dui die verkleinwoord van die enkelvoud BRUG aan.
(b) Dit beklemtoon watter brug gebruik is.
(c) 'n U aan die einde van 'n kort lettergreep, kry 'n kappie.
(d) Dit word gebruik om die klinker in die lang, oop lettergreep se klank te rek.
- Gee die antoniem van 'wilde'.
(a) mak (b) makke
(c) make (d) gemak



OLIFANT WONDERBAARLIK UIT SEE GERED

'n Olifantbul is wonderbaarlik gered nadat hy in die see ingetrek is toe hy tussen twee eilande in Sri Lanka geloop het. Hy is vermoedelik deur die see meegesleur toe hy die Kokilai-strandmeer wou oorstek.

Die reusdier het desperaat probeer om sy slurp bo die water te hou toe hy opgemerk is. Duikers en natuurlewebeamptes het die soogdier genader en toue om hom gebind voor hy stadig na vlakker water gesleep en vrygelaat is. Dit het die vloot in Sri Lanka en die departement van natuurlewe 12 uur lank geneem om hierdie operasie te voltooi. Die olifant is uit eindelijk na veiligheid gebring.

KAMEELPERD EN 'N ANDER EKSOTIESE DIERE GERED

Veldbrande is nie net woongebiede nie, maar soms ook die tuine in Brand wat in die berge by Malibu begin het. Die diere in die dieretuin bedreig. Die dieretuin se bekende kameelperd is Stanley. Stanley en ander groot wilde diere het uit die dieretuin geloop omdat hulle te groot was, en dit te gevaarlik sou wees om hulle te vervoer. Die dieretuin is 'n familiebesigheid en familieledes het saam met die diere oor die brûe by die dieretuin uitgeloop. 'n Uittog na veiligheid.

GORILLA DRA 3-JARIGE SEUNTJIE NA VEILIGHEID

Binti Jua is 'n 8-jarige gorilla wat dadelik bekend geword het toe hy 'n 3-jarige seuntjie wat oor 'n afskorting geklim en in die gorillahok beland het, gered het. Daar was op daardie tydstip sewe gorillas in die hok. Binti Jua het dadelik na die seuntjie geloop, die huilende seun opgetel en na die deur gedra waar hy gewag het dat iemand die seuntjie by hom moet kom vat.

WIT TIER BYT VERMAAKLIKHEIDSTER

'n Vermaaklikheidster wat saam met sy wit tier in Las Vegas optree, is deur die tier in die nek gebyt en oor die verhoogvloer gesleep terwyl 'n gehoor historiese toegekyk het. Roy Horn, die eienaar van die tier, hou voet by stuk dat die tier hom nie probeer seermaak het nie. Vlgs. Roy Horn was hy eintlik besig om 'n hartaanval te kry en dat die tier dit aanvoel het. Die tier wou hom net na veiligheid sleep en was eintlik 'n held. Roy Horn kon dood gewees het!

Die tier het glo geweet dat hy 'n dokter nodig het. Dit was nie die eerste keer dat Montecore (die tier) 'n lewe gered het nie. Die tier se suster het eendag in die swembad geval en Montecore het sy sussie sonder skroom uit die swembad getrek. Dit is min dat so iets met sulke diere gebeur.





13. Gee die teenwoordige tydsvorm van:
 ‘*Binti Jua het bekend geword toe hy ’n seuntjie gered het.*’
 (a) Binti Jua word bekend toe hy ’n seuntjie red.
 (b) Binti Jua word bekend wanneer hy ’n seuntjie red.
 (c) Binti Jua is bekend wanneer hy ’n seuntjie red.
 (d) Binti Jua word bekend omdat hy ’n seuntjie red.

14. Verduidelik die koppeltekengebruik in ‘*3-jarige*’.
 (a) Samestellings word altyd met ’n koppelteken geskryf.
 (b) Verbindings met sekere voorsetsels word met koppeltekens geskryf.
 (c) Verbindings met syfers word met koppeltekens geskryf.
 (d) Dit verhoed ’n opeenhoping van klinkers by die samestelling.

15. Verbind die twee dele van die sin met ‘*aangesien*’.
 ‘*Die tier wou hom net na veiligheid sleep en hy was eintlik ’n held.*’
 (a) Die tier wou hom net na veiligheid sleep en aangesien hy eintlik was ’n held.
 (b) Die tier wou hom net na veiligheid sleep aangesien was hy eintlik ’n held.
 (c) Die tier wou hom net na veiligheid sleep aangesien hy was eintlik ’n held.
 (d) Die tier wou hom net na veiligheid sleep aangesien hy eintlik ’n held was.



16. Waar word die byvoeglike naamwoord ‘lank’ predikatief gebruik?
 (a) Die olifant het ’n lang slurp.
 (b) Die lang afskorting was nie hoog genoeg nie.
 (c) Die tier se slagtande is lank.
 (d) Die man het ’n lang tyd in die tier se kake deurgebring.

17. Identifiseer die teenwoordige deelwoord:
 ‘*Binti Jua het dadelik na die seuntjie geloop en die huilende seun opgetel.*’
 (a) huilende (b) opgetel (c) geloop (d) dadelik



18. Skryf die volgende sin oor.
 ‘*Die gehoor kyk histories toe hoe die tier hom in die nek byt. Die gehoor behoort...*’
 (a) Die gehoor behoort histories toe te kyk hoe die tier hom in die nek byt.
 (b) Die gehoor behoort histories toegekyk het hoe die tier hom in die nek byt.
 (c) Die gehoor behoort histories toegekyk hoe die tier hom in die nek te byt.
 (d) Die gehoor behoort histories toe te kyk hoe die tier hom in die nek byt.

19. Skryf in die toekomende tydsvorm:
 ‘*Die tier het die hartaanval aangevoel.*’
 (a) Sal die tier die hartaanval aanvoel?
 (b) Die tier sal die hartaanval aanvoel.
 (c) Die tier sal aanvoel die hartaanval.
 (d) Die tier sal aangevoel hê die hartaanval.

20. Wat word ‘*dokter*’ vs ‘*doëktor*’ genoem?
 (a) akroniem (b) homonimie.
 (c) homofoon (d) ironie

21. Waar word ‘*gehoor*’ as ’n werkwoord gebruik?
 (a) Die gehoor snak na hul asem.
 (b) Die gehoor klap hande.
 (c) Die gehoor het verslae toegekyk hoe die tier hom byt.
 (d) Die grommende geluide kon in die saal gehoor word.



22. Gee die verkleinwoord van ‘*vermaaklikheidster*’.
 (a) vermaaklikheidstertjie
 (b) vermaaklikheidsterre
 (c) vermaaklikheidsterrekie
 (d) vermaaklikheidsterretjie

23. ‘*hou voet by stuk*’, is ’n voorbeeld van
 (a) idiomatiese taalgebruik.
 (b) ’n metafoer.
 (c) letterlike betekenis.
 (d) ’n vergelyking.

24. Waarvoor staan die afkorting ‘*vlg.*’?
 (a) volhoubaar (b) vergelyk
 (c) volgens (d) volgende

25. Gebruik die verboë vorm van ‘*histories*’.
 ‘*Die gehoor moes berading ontvang.*’
 (a) histories
 (b) historieser
 (c) historiese
 (d) historiese

